# Hoofstuk van die dag: Jeremia 33

> *Roep My aan, Ek sal jou antwoord en jou vertel van groot en onverstaanbare dinge waarvan jy nie weet nie. (Jer 33:3)*

Jeremia is steeds ’n gevangene (soos in Jer 32). Dit lyk egter of die omstandighede waarin die Here se woord hier na Jeremia

gekom het, verander het. Dis nie meer in die tyd toe die stad nog beleër is nie; hier is die stad reeds verwoes, met lyke wat oral gelê het ná die inval (vers 4-5). Skrifverklaarders sê dat hoofstukke 32 – 36 uit verskillende uitsprake van Jeremia saamgestel is en nie noodwendig in kronologiese volgorde hier ingevoeg is nie.
In vers 3 nooi God Jeremia uit om met sy vrae na Hom te kom. In die lig van die veranderde situasie in die land moet Jeremia dít wat hy reeds van God gehoor het, heroorweeg en herbedink. Sy beloftes van ouds is steeds van krag, al lyk dit nie so nie. Die land sal weer bewoon word. Daar sal weer 'n koning uit die geslag van Dawid wees (vers 14). Ons weet dat dié belofte in Christus waar geword het.
In elke nuwe omstandigheid nooi God ook vir óns uit om in afhanklikheid van Hom sy Woord te bedink en nuut te ontdek.



© Bybelkoerant 2018 – 2026